DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Vrydag 15 Maart 1957. Nr. 2.

# *WAT ONS BEOOG . . .*

# Eerste Massavergadering van die jaar.

Maandagaand die elfde Maart het Meneer Tjaart van der Walt, tydens die massavergadering, 'n beroep op die Studentegemeenskap gedoen: „Die oog na vore. Veel moet gedoen word. Kom bou dan saam, skouer aan skouer, soos dit broeders betaam — eendragtiglik."

**JAARPROGRAM:**

Die stelsel van Jaarprogramme word vanjaar vir die eerste keer op die proef gestel. Hierdie Studenteraadsjaarprogram wil u spieëlbeeld wees vir die sake waarmee die georganiseerde studentelewe sig in die komende jaar wens besig te hou.

**DOEL:**

Die instelling van die stelsel van jaarprograme vergemaklik die taak van die studenteraad enersyds, en skep andersyds u gerieflike kanaal vir die uitvoering van die pligte vir die onderliggame. Langs die regte kanale kan die liggame nou oorspronklikheid aan die dag lê en tegelykertyd 'n mate van doelgerigtheid in die Studentelewe verseker, waardeur die algemene belangstelling aangevuur sal word. So sal die jaarprogram kan dien as maatstaf, waarvolgens die jaarverslag beoordeel kan word. Die jaarprogram is dus 'n leidraad vir 'n beoogde normale en gesonde gang van sake.

**'N UITGEBREIDE ORGANISASIE:**

Die ontwikkeling van ons studentelewe, sal volgens meneer Van der Walt van die Studente verg: „geduld, vindingrykheid, skerpsinnigheid, al ons bietjie krag en —geloof".

Korps is besiel met 'n helder-brandende vuur „ter uitvoering van sy doelstelling"; die P.U.-Afrikaanse-Studentebond het u bedrywige jaar in vooruitsig; die algemene bestuur vir Kuns en Kultuur wil weereens 'n positiewe bydrae tot „die behartiging en bevordering van kuns en kultuur aan die P.U. vir C.H.O." lewer. Ook die Sentrale Sportbestuur stel sig ten doel, om op die sportveld die beginsels van die Universiteit hoog te hou. Die hele Studenteraadspenningmeester, Hennie Intervarsity teen U.O.V.S. op 17 en 18 Mei.

Die komitees van die Studenteraad beoog groot re-organisasie en organisasie: Die gesellligheidskomitee belowe u groot funksie by die in-gebruikneming van die nuwe spykerbankies.

Ook die Studenteraad toon dat hulle nie net koffie drink nie—die jaarprogram is voldoende bewys daarvan. Die Studentelewe maak tans 'n gewisse en stelselmatige ommekeer mee—iets wat vanaf 1935 ontwikkel het.

Om ons taak te volvoer moet die jaar 1957, nie in die eerste plek, 'n jaar van „uiterlike reorganisasie" wees nie, maar van „innerlike beginselontwaking". Die Studenteraad het so by monde van die voorsitter bepleit dat ook in 1957 beginsel en praktyk één mag wees!

Op dieselfde vergadering het die Studenteraadpenningmeester, Hennie Erasmus, die begroting van die Studenteraad voorgelees. Die inkomste bedra £3,260 en die uitgawes vir die hoofliggame van die Studenteraad £2789-19-1.

Die massa het sy hartlike dank en vertroue aan beide, die jaarprogram en begroting, te kenne gegee.

**BESOEKERS VAN PRETORIA:**

Die hoof van die Transoranje Skool vir Dowes meneer Born, en die organiseerder-sekretaris-penningmeester, meneer Swart, het hulle dank betuig vir die finansiële hulp wat die skool gedurende die jare 1955 en 1956 van die P.U. Studentegemeenskap ontvang het. Meneer Born het 'n beroep gedoen op die studente om dowe-onderwys ook as 'n wetenskaplike rigting te sien, en ook verdere belangstelling vir so 'n groot saak in oorweging te neem.

Namens die studente het meneer Tjaart van der Walt die beste wense vir die Skool uitgespreek.

**BANKREKENINGS:**

Nadat die Kommisie verslag gelewer het, in verband met die wenk van meneer Johan van der Vyver, dat alle bankrekenings van die onderliggame gesluit sou word, het die massa met 'n lewendige bespreking geantwoord. Meneer Tjaart van der Walt sal by die Studenteraad aanbeveel om die saak in heroorweging te neem in oorleg met die Vreugdedag-bestuur en die P.U. Musiekvereniging.

**NOG 'N BEROEP:**

Namens die redaksie van die tydskrif „Koers", het Prof. W. N. Coetzee 'n beroep op studente gedoen om in te teken op die tydskrif, wat die mondstuk is van die Calvinistiese georiënteerde intellektuele groep van ons volk. Die tydskrif sal eersdaags sy verskyning maak in 'n omvangryker houdanigheid.

**'n Mosie van innige meegevoel** met die afsterwe van een van ons studente, meneer Davel, is aan die begin van die vergadering deur die Studenteraadvoorsitter ingedien.

In groot getalle het die Pukke opgetrek na die eerste Massavergadering van die jaar, in minder groot getalle het hulle bedwaarts gekeer.

---

### AANVULLINGS OP BESTURE VAN STUDENTELIGGAME

Die volgende persone is gekies op die onderskeie besture, ter aanvulling van vakatures:

**Sentrale Sportbestuur:**

Mej. Bennie Kruger (Dameshokkieklub).

**Thalia-Toneelvereniging:**
Ondervoorsitter: C. J. H. Lessing.
Sekretaris: R. de Ville.
Addisionele lid: A. Myburg.

**P.U.-Tennisklub:**
Onder-kapteine: Mej. I Schoeman.
Addisionele lid: Mej. C. Kruger.

**P.U.-Dameshokkieklub:**
Kapteine: Mej. Bennie Kruger.
Sekretaresse: Mej. R. Bruyns.
Addisionele lede: Mej. C. van Heerden.
Mej. E. Erasmus.

**Geselligheidskomitee:**
Ondervoorsitter: W. de Vos.

**Vreugdedagkomitee:**
Penningmeester: A. A. Venter.

**Magasynkomitee:**

Magsynmeester: L. Venter.
Asistent: A. Viljoen.

**Die Pukkie:**
Redakteur: A. N. Helberg.

W. J. SPAVINS & SEUN
vir alle
*Elektriese Benodighede*
KOELKASTE • RADIO'S
Kerkstraat 101 — Potchefstroom.
Telefoon 185.

DAMES!!
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.
OOK ALLE TOILETWARE.
Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD
CACHET MODES (EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.
POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
•
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

T.X. Modiste
Kerkstraat 154 Telefoon 1295
Waar al die modebewuste dames koop.

G. H. Juweliers
Kerkstraat 129.
Herstelwerk Deskundige
Horlosiemaker en Juwelier

PUKKIES!!
SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE
BESOEK:
KOLLEGE
ONTANTWINKEL
PUKKIES!!
ONS SPESIALISEER IN:
• Skoonheidsmiddele
• Skryfbehoeftes en
• Studentebenodighede.
• NAALDWERK
• HORLOSIES.
Vir alle Studente-benodighede
Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.
H/v Tom- en von Wiellighstrate.

A. T. LUKE & KIE.
APTEEK
ook
• GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en Langspeelplate.

NOORDBRUG
Kontantwinkel
(Eienaar: A. G. Botha).
LANGS N.-POSKANTOOR
Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes, Lekkers, Sigarette en Toiletware

PRESIDENT CAFE
and
GRAND CAFE
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

ALLES NUUT ! !
Van 'n nuwe uitbreiding tot 'n nuwe FIETS.
Kom na
PARK
Fietswinkel
(F. F. TRANTER)
H/v. Lombard- en Van Riebeeckstrate
TELEFOON 995.

LOOCK & KEENEY
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

Dames en Here
Besoek
DIE BULT
HAARKAPPERS
Tomstraat 90A — Telefoon 1486
Regoor ons mooi park.

ALF CURADO
(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)
maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee
ALF'S STUDIOS
KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)
geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.
'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUKDIENS (Aflewering binne agt uur)
word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.
**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

Die Wapad

Vrydag 15 Maart 1957.

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# Studentepublikasies - 'n Probleem

Een van die neteligste probleme in ons studentelewe vandag, is die van ons studentepublikasies. Verblydend is die feit dat op die eerskomende A.S.B.-kongres aan hierdie aspek aandag gegee sal word.

Een van die eerste vraagstukke in hierdie verband is om die onderskeie publikasies aan hulle doel te laat beantwoord. En dadelik ontstaan die probleem: Wat is die doel van „Die Wapad", „ Die Besembos" en „Die Pukkie"? Wanneer dit dan bepaal is, ontstaan die heel grootste vraagstuk: Wat moet aangebied word —en veral: hoe moet dit aangebied word—om die blad aan sy doel te laat beantwoord? Juis hier lê die knoop: sulke publikasies is eintlik nie net vir die studente nie, maar ook van die studente. Hiermee bedoel ons dat die blad ook bydaes moet verskyn wat uit die kringe van die lesers ontvang is. In hierdie opsig het die studente in die verlede nie juis hulle plig nagekom nie. En selfs die mees werkgierige Redaksie word moeg om byvoorbeeld sestien keer per jaar „Die Wapad" te skryf. Daarby moet onthou word dat die Redaksie uit gewone mense bestaan aan wie se vindingrykheid ook 'n einde kom—in die opsig om byvoorbeeld vir elke uitgawe vars en pittige varia op te dis. Ook wat „Die Pukkie" betref, het dit al gebeur dat die Hoofredakteur en 'n paar redaksielede so te sê die hele blad moes skryf. En sulke kunsmatig-gefabriseerde snaakshede is nie altyd van die gewenste gehalte nie.

Ten einde hierdie probleem te bowe te kom, wil ons graag 'n beroep doen op ons lesers om bydraes vir plasing in ons studenteblaaie. Weliswaar kry 'n mens nie veel erkenning vir jou moeite nie (behalwe miskien in „Die Besembos"), maar dit is in u eie belang dat almal in hierdie opsig saamwerk. Die Redaksies wil nie graag van die alternatief gebruik om persone spesifiek om bydraes te nader nie.

Die volgende faktor wat die gesonde groei en mooi voorkoms van ons blaaie belemmer, is die tekort aan finansiële middele. Goeie papier moet gebruik word om te verseker dat die foto's en druk in die algemeen tot sy reg kom. Daarby moet foto's geplaas word om die blad op te helder. Laastens moet advertensies geplaas word om die koste te probeer dek. Maar hier lê nog 'n probleem: dit is beswaarlik moontlik om by voorbeeld in „Die Wapad" 50% advertensies te plaas, want waarna lyk die blad dan? En tereg sal die intekenaars kla dat hulle nie betaal om 'n klomp advertensies te ontvang nie. Bowendien is dit 'n byna onbegonne taak om hierdie hoeveelheid advertensies te kry. En dan gaan ons studenteblaaie afsteek by die van ander Universiteite wat byna geen advertensies gebruik nie—hoofsaaklik omdat hulle kan staatmaak op 'n ontsaglik hoër sirkulasie.

Dit bring ons dan by een van die hoofoorsake van die ongesonde finansiële grondslag waarop by voorbeeld „Die Wapad" en „Die Besembos" staan. Die beleid om die intekengelde so laag moontlik te hou met die hoop dat sodoende die intekenaretal verhoog sal word, lyk onrealisties te wees, aangesien 'n geringe aantal studente op by voorbeeld „Die Wapad" ingeteken het. Dit skyn die gebruik te wees dat studente per kamer en nie per persoon inteken. Indien daar nie 'n kentering in hierdie opsig kom nie, sal in die toekoms oorweeg moet word of dit nie meer prakties sal wees om uit te gaan van die standpunt dat twee-twee studente op die publikasies inteken en dan die intekengeld op die basis bereken nie.

Die lesers moet onthou dat die publikasies ook die buitewêreld bereik en aldus tot 'n groot mate dien as spieël vir ons Universiteit. Met u welwillende samewerking om die bogenoemde twee problme uit te skakel, sal die Redaksies hul bes doen om ons studentepublikasies aan alle redelike vereistes te laat voldoen.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos: Mej. L. Heslinga; Fotograaf: C. Harrington.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, P. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

## Vrug van Herorganisering van Studentelewe.

**Departement van A.S.B. hou Filmvertoning.**

Op Donderdagaand, 28 Februarie, is 'n geslaagde filmvertoning, georganiseer deur Mnr. Dick Putter, Direkteur van die Departement Rasse-aangeleenthede van die A.S.B., gehou. Mnr. Meyer van die Departement Naturellesake het die films vertoon en voorsien. 'n Groot aantal studente het die vertoning bygewoon—'n bewys van die geslaagdheid van die beleid van desentralisasie wat verlede jaar in die studentelewe ingevoer is.

In 'n kort inleidingswoord het Mnr. Meyer vertel van die beleid van die Departement Naturellesake om die Bantoe te help as hy homself wil help. Onderandere het hy gemeld van die BLANKE-PROBLEEM wat sy Departement se werk aansienlik bemoeilik. Indien die blanke 'n beter begrip van die Bantoe gehad het, sou hierdie vraagstuk tot 'n groot mate uitgeskakel kon word.

Vier FILMS van uitstaande gehalte wat handel oor die lewe van die Bantoe en die werk van die Departement Naturellesake, is vertoon.

In sy bedankingswoord aan Mnr. Meyer, het Mnr. J. D. van der Vyver, President van die A.S.B., weereens die noodsaaklikheid van die behoud van die Bantoekultuur, beklemtoon.

Die moontlikheid om vroeg in die tweede kwartaal 'n besoek vir lede van die A.S.B. aan 'n Naturellereservaat te organiseer, is ook op die vergadering genoem.

## DIE SOEKLIG

### Ons sosiale Skinderkolom

Dit lyk of die Puk so aan die begin van die jaar baie vrugbaarder is om kyse op te lewer as gedurende die res van die jaar. Sou dit die Dore se teenwoordigheid wees wat die oudames en -here so aanspoor om te kys? Dan praat ons natuurlik van mense soos Cornie Koekemoer en Johan Coetzee; Salomé van der Walt en Casper Schutte (eindelik!).

Daar is nog 'n ander verskynsel wat op die oomblik aan die orde van die dag is hier op ons P.U.K.-gronde—vra maar vir die mense wat so lief is om terug te keer na die ou paaie: Leonie Heslinga en Piet Aucamp; Rina Buys en De Wet Kruger, Nellie Snyman en Willem Gronum, Anneke Tom en Doors van der Walt, Riekie Dekker en Rassie Smit.

Met die „Goldrush" veilig agter die rug en die louere ingeoes deur Loedie Kruger en Sampie Simpson, laat die res van die Dore nie op hulle wag nie. Lelie Jonker en Dirk Ackerman is gekys, Lena Opperman en Willem Hartzer se ogies blink asof die gebeurtenis van drie jaar gelede net gister gebeur het.

Nog 'n verlowing wat so stil-stil gedurende die vakansie plaasgevind het, is die van Pieter du Plessis. Ook Pieter van der Walt en Sarie Smit het hulle op die gevaarlike weg begeef.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**

**Kerkstraat 104—Telefoon 312**
**POTCHEFSTROOM.**




# N. T. O. presents: *„The Master Builder"*

The presentation by the N.T.O. of Ibsen's "The Master Builder" was attended by a fairly large audience on Wednesday the 6th. The play, which is drawn in strong lines, is based on the conflict in the mind of a genius between his crave for domestic happiness and his desire to practice his art.

The genius, personified in Harvard Solness, otherwise called "The Master Builder," attains his success through the burning down of his house. From this incident his wife's illness results and also the death of their two boys. Solness has an unfounded selfreprouch, and his wife Aline becomes the symbol of his hiper-sensitive concience. From grief of his loss of domestic happiness he leaves off church building and devotes himself entirely to the building of houses. He is frustrated, for he no longer fulfils his vocation of church building, and neither can be fulfil his domestic vocation. Together with this unhappiness there is a growing fear in him thaat one of the younger generation might outshine him and eventually take his place. Therefore he wants to keep his apprentice, Ragnar Brovik, an underling and uses the latter's fiancée, Kaia Fosli, to serve his purpose.

The soul of the genius is in such torments of fears and conflicts when suddenly, in the second act, he awakes to new vitality. At this stage he meets Hilda Wangel, who personifies vital youth. She exhorts him to forget his domestic sorrows, to cultivate a "robust conscience" and to devote himself again to creations of art. She banishes his fear of the younger generation and induces him to give encouragement to young Brovik. Hilda is the concretion of a new vitality in Solness himself. To prove his new courage and faith, Solness decides to climb the spire of his new building. From the summit of the building he will speak to God. He will tell God that he is only going to build castles in the air in future. Thus Solness, after he has lost all possible happiness, wants to find a solution by severing all ties with reality and imagining that happiness which can never be his. This unpractical solution must necessarily lead to destruction, and in the moment of his triumph over the unhappiness of reality Solness tumbles down from the spire and is crashed to pieces.

Though Solness has failed in his mighty attempt to conquer reality, Hilda Wangel, the hopeful youth, still frantically believes in him, while frustrated, sceptic youth as represented in Ragnar Brovic is filled with admiration of his courage.

This intricate play with its stern ideals was approached with great enthusiasm by the N.T.O. actors, John Boyd-Brent was a great success in the role of the Master Builder. This was the one character in the play which could be developed into a true human being by its actor, for the complications of abstract ideas which is concentrated in him as the main character, become facts of his personality. In the case of his wife, Aline, and of Hilda it is different. They are respectively representative of one ideal only, and can therefore not become full human characters. In this respect the production was lacking. Evadne Kohler-Baker fascinated us by the warmth of her personality, but because she was too human, she failed to be the expression of an abstract idea. Janet Butler as Aline Solness was aiming at the right idea, except for some emotional outbursts, but her performance was unfortunately not very striking. The other players, Pat Trevor as the old man, Leonard Graham as Ragnar Brovik, Susan Ridsdale as Kaia Fosli and Simon Swindele as Dr. Herdal did quite well, though they suffered from the same imperfection.

The imperfection in the performance is certainly not due to a lack of talent —the young Evadne Kohler-Baker is especially promising—, but it is rather a matter of too human interpretation while Ibsen's aiming was to express abstract ideas.

## Oordenking

# 'N CHRISTELIKE VERMANING

**Rom. 13:11, 12.**

„En dit te meer omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowiges geword het.

Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duistenis aflê en die wapens van die lig aangord."

Die wêreld is onrustig. Daar is woelinge en skommelinge op politieke gebied; in internasionale verhoudinge en in die gemoedslewe van die mens. Die krisis in die Midde-ooste baar kommer en sorg . . . wat gaan Israel nou doen; wie gaan die Gazageskil oplos; wat is kol. Nasser se volgende stap? In die groot geheel van die mensemassa beweeg die indiwidu, 'n vereensaamde enkeling verward in sy eie idees — die tye tipeer 'n „revolutie der eenzame." God se skepping is onrustig; daar heers 'n chaotiese verwarring.

Die Heilige Skrif vermaan die gelowiges egter: julle ken die tydsomstandighede . . . word wakker! Die gelowiges weet dat hierdie wêreldnag van raaisels en duisterhede nie vir altyd sal deurgaan nie, en dat ons daarom die tyd nie moet verslaap nie. Want kyk, op die horison word dit al daglig . . . daar is alarmseine, wekstemme in die skepping: Jesus Christus, die eindpunt van my verwagting, weeg die tye af in die holte van Sy hand.

Verder vermaan die Heilige Skrif die gelowige: werp af die werke van die nag en gord die wapens van die lig aan. Skud wakker uit jou slaap, staan op en omgord jou met wapens — daar is 'n groot stryd te stry. Hef jou blik op van die aardse dinge en slaan dit na die hemel. Vermy wêreldgelykvormigheid, om te dink soos die wêreld, om te oordeel soos die wêreld, om te praat soos die wêreld. Dan sal u deur hierdie wêreldkrisisse en internasionale verwarringe heensien die plan van God. U sal sien dit is die werke van Satan wat die kerk van God wil vernietig. Maar dan sal u ook sien Jesus Christus op die troon van genade aan die regterhand van Sy Vader, met in sy hande die septer — die oorwinnaar oor die dood, oorwinnaar oor Satan en die werke van die duisternis. Dan sal u ook sien dat hierdie dinge getuig van 'n liefdevolle lewe — gebrek aan liefde tot God en tot sy naaste.

Met vreemde wapens sal u nie die stryd tegemoet kan tree nie. Neem dus die wapens van die lig deur die geloof op, dit is die Woord van God. Dit is die wapen waarmee die koninkryk van God teen die koninkryk van Satan te velde trek en sal oorwin.

Hierin sien ons ook die doel van ons Universiteit . . . . om met die Woord van God u te staal vir 'n donker lewe, om as skynende ligte te straal. Ons staan as verbondskinders van God midde in 'n Gode-onterende lewenspraktyk; in wetenskap; in die maatskappy; in internasionale sake . . . God word nie geken nie. Verberg daarom u lig nie onder 'n maatemmer nie. Gebruik die geleentheid hier gegun om die godsdiensbeskouing, aan moedersknie geleer, voort te bou. Dit is Calvinisme . . .: om God te ken in alles en om aan almal, in alle arbeidskringe, te vermaan met 'n Christelike vermaning.

Julle ken die tye — lê daarom af die werke van die duisternis en omgord julle met die wapens van die lig! Beklee julle met Jesus Christus!

Jansie du Plessis.

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

**MNR. VENTER,**

**Tomstraat 63 — Telefoon 1247,**

**POTCHEFSTROOM**

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

# *Cassawali à l'Amour*

Cassawali wil net graag van die geleentheid gebruik maak om al die oudames en ouhere wat hom so tuis laat voel op die Puk, baie hartlik bedank en te verseker dat hy in die tydjie, vandat hy vaste vorm aangeneem het in sy lêplek bo die vesting van die GROOT RAAD en die café, hy al sommer baie ouer en wyser geword het en baie dinge raakgesien het.

Verder wil hy ook net die singende engeltjies van Kulu — wat so 'n briljante (!) ontvangs gekry het by Uitspan en by die tweedejaars van Dawie Dup, wat papiere met blomme verwar het, en veral vir Saartjie die Vilia so rêrigwaar bedank vir hulle strelende sang. Dit het hom ver terug laat dink aan die sorgelose dae langs die Vodka!

Alvorens Cassawali nou sy beloofde hulp aan die eerstejaardames en ouhere gee, wil hy tog net sy vreugde meedeel oor al die nuwe kyse en herkyse. Wat die herkyse betref, ons het tog geweet dis nie „ernstig uit" nie en om te oordeel na **Leoni** wat die hele koshuis rond soek na haar skoene en dit eindelik in haar eie kas vind, loop die koors nou weer hoog. Ook is 'n nuwe kloppende hartjie hoorbaar by **Rina Buys** en Katspoegie en Rassie floreer ook deesdae weer!

Nog net so 'n bietjie geduld, ouhere, Cassawali wil net graag nog aan die groot aantal nuwe grasweduwees wat sleeptye so droëbek in poele van smagting en verlange hier ronddool, sulkes soos Hestertjie, Esthertjie, Petro en nog 'n Petro (Saartjie laat haar nie eintlik afswitch nie) 'n bietjie raad gee: hou maar moed wat, dan is die weersiens nog tienmaal so soet!

Van die oud-geskeides verneem Cassawali dat die enigste verskilpuntjie wat Betsie en Flip mag verhinder om tot die „groot stap" oor te gaan, die kwessie van 'n wittebroodreis is. **Flip** wil dit naamlik in Oude-Molen vier en **Betsie** by die dam. Ons wag in spanning op die uitslag!

Dit lyk of die ouhere hierdie jaar so stadig vlam vat en die eerstejaardames wat so baie gehoor het van Varsity moet seker erg teleurgesteld wees dit blyk veral ook duidelik uit die antiklimaks van die „Goldrush". Cassawali gee sy seën op Sampie en Ludi wat so lank besin het voor hulle „begin" het.

**(Iets vir almal:** dis nie altyd goed om so lank te besin nie, vra maar vir **Christine** en **Peet**—dié twee was selfs nog nie eers tydelik uit nie—en van te veel besin sit sulkes soos Tokkies en Alwyn nog steeds droëbek!)

Nouja, nou aan adres van die gewese doortjies: Moenie julle laat „bluf" van krag, donker deurdringende oë en 'n lang regop gestalte nie of deur handsome witkoppe (op Hessel!) nie, dis niks blywends nie en 'n goeie masker vir 'n wolf!

**(Ouhere,** gebruik julle talente op die regte manier, kyk diep in haar oë en laat sy op 'n bedekte wyse jou bedoelings snap—dit vuur haar verbeelding aan!)

**Doortjie,** as die held van jou drome uiteindelik opdaag, maak of hy niks beter is as enige ander miserabele skepsel nie, en moet onder geen omstandighede toelaat dat hy jou baie gou soen nie!

**(Ouheer,** soen haar die eerste aand en as sy jou klap, moenie kwaad word nie, soen haar weer en sê sy soen heerlik, los haar dan skielik en raak nie weer aan haar vir 'n week nie.)

**Doortjie,** onthou jy is 'n **individu,** moet jou nie laat domineer nie! Volg jou eie kop en jy sal gou agterkom van watter stoffasie die man aan jou sy gemaak is!

**Ouheer,** as sy links wil loop, raak liggies aan haar middeltjie en stuur haar sag maar beslis regs en moenie vergeet om by die koshuis nog 'n keer diep in haar oë te kyk en te sê sy is die mooiste meisie wat jy ken nie.)

**Doortjie,** moet nooit die fout maak om verskonings aan te voer as iemand jou skiet van wie jy nie hou nie, sê reguit jy wil nie saam met hom gaan nie, en as jy van hom hou, wag 'n lang ruk en sê dan „Ja . . . . .a . . . . . . miskien!"

**(Ouheer,** as sy oor die telefoon **nee** sê, gaan persóónlik en sê vir haar jy kom haal haar die middag, sy sal kwaad word, maar tog geïmponeer wees en dan kan jy dit miskien maak.)

**Doortjie,** jy wat nie baie, of gladnie sleep nie: die Pukmans is maar vaal en baie oudames kys eers in hulle derdejaar.

(Ouhere, as sy jou slegsê of afsê, moenie treur nie, daar's baie mooier elders, al is hulle nie **Dore** nie!


Dit spyt Cassawali dat hy vandag so baie te sê het, maar hy kan darem nie sy nuuskierigheid bedwing wat betref nog drie sakies nie en dit is naamlik:

1. . . . . gaan die Puk nie dalk vir Graaff Josef 'n „Sir"(!)-skap aanbied nie?

2. . . . . . of die tweedejaars wat so warm aantrek in die somerhitte, nie bang is dat hulle sal om,tip' nie?

3. Of Salomé van der Walt nog nie skoppende neigings toon nie?

THE GOLD RUSH IN VISTAVISION.




Starring: Simpson Henry en Ludi Kruger.

Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

HAROLD'S
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

INGRAM SE
BOTTELSTOO
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

KOM SIEN ONS—
vir al u
• Fotografiese
en
• Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

CORNER
FRUIT STORE
★
„U KEN ONS!!"

## BRIEWEBUS

# Fietsstelery en Visdammery = Ba!

Meneer die Redakteur,

Dit stem my weemoedig om hierdie skrywe aan u te moet rig. (En my om dit te ontvang. [Red.])

In die semitiental jaare wat ek nou reeds op die Puk is,was ek tot my bitterste spyt gedwing om elke jaar etlike kere my pedaal-aangedrewe voertuig, wat onontbeerlik is vir my akademiese en ander voortbeweging, op een of ander on-C.H.O.-tiese tyd (d.w.s. ná halftwaalf in die nag) met lewensgevaar in die omtrek van die manskoshuise te gaan haal.

Gewoonlik was dié genoemde voertuig se wiele albei van hulle lug ontneem, d.w.s. winduit; die sitplaas was so gedraai dat 'n mens agterstevoor moes sit; die handgrypsels van die stuurstang was met 'n olierige preparaat bestryk en dit was beroof van sy skakelstring.

Voorts, zij ik, was ek in voortdurende lewensgevaar om in die sentraal-geleë woonplaas van die kikvorse, of tewel die moderne swembad, genoem die visvywer, gedompel te word—nolens volens, maar eint'ik **nolens.**

Nou what whil jy nou meer hê, meneer die Redakteur!

Die fietsintrige is nou absoluut afgesaag en raak definitief vervelig!

Red nou 'n volk met sulke onoorspronklikhede en laat ek sien . . . . .

Ek dank u vir plasing,

N. O. M. KULU.

(Nou's Ons Moeg.)

(Hoe lyk dit, mede-manskoshuisbewoners, gaan ons hierdie onverantwoordelike aanval ongewreek laat verby gaan? (Red.)

**Bietjie Mosterd na die Maal.**

P.U. vir C.H.O.
29/10/56.

Die Wapad,
s/v Studenteraad,
P.U. vir C.H.O.

Geagte Redaksie,

As 'n mens op die heel eerste oggend van die eksamen al 'n slagoffer moet wees, dan is die geagte Sak-en-As darem maar 'n riem onder die hart. 'n Mens skep sommer moed, al is jy nou ook hoe bang vir misgespot. 'n Skriftelike eksamen is nou eenmaal 'n onnatuurlike en onplesierige ding en 'n mens kannie help om te voel dat die geagte Sak-en As se houding baie gesond en sonder inhibisies is nie.

Met die hoop dat dit sal help om hulle elke jaar in groot getalle te laat optrek, vra ek u om asseblief tog hierdie paar woorde van waardering vir hulle moeite in u koerant op te neem.

Baie dankie,
Welwillend die uwe,
Eksamenskrywer.


FLEURETTE BLOEMISTE
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
Bestel a.u.b. vroeg
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.
TELEFOON 709

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
FIETS aan te skaf.
C. V.D. MERWE
FIETSHANDELAAR
Kerkstraat 91, Potchefstroom.

SONSKYN KAFEE
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE en
TYDSKRIFTE.
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

TURKSTRA BAKKERY
(Edms.) Bpk.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
● BROOD
en
● ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .
Kerkstraat 61.

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

J. HEIDEMA
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

JAY'S GARAGE
(K. NOBEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175.
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
● MASSEY-HARRIS TREKKERS
● PLAASGEREEDSKAP,
● PLANTERS en STROPERS.
● S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

DIE BULT
Algemene Handelaar
Von Wiellighstraat 46,
Foon 2025.
KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-ONDERDELE

SUZETTE'S HAARSALON
Besoek ons vir kostelose deskundige advies i.v.m. u hare, die golwing.
SPESIALE TARIEWE VIR STUDENTE
TEVEDENHEID GEWAARBORG
Alleen die beste preparate word deur ons gebruik.
KOM EN OORTUIG U SELF.

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
WESTVAAL

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

J. P. van der WALT
APTEEK
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

"DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"
Beyers Claassen
B.Sc. (S.A.)
M.P.S.A. CERT. MY.
M.P.S.S.A. INST. P.
(U.S.A.)

KERKSTRAAT POTCHEFSTROOM

# *Kry wind van voor in Krieket!*

Met die voortsetting van die wedstryd teen Boys' High het dit bedroewend gegaan met die eerste span. Ter verskoning kan egter aangevoer word dat Boy's High sedert die afgelope aantal jare die liga-kampioene van Wes-Transvaal is, en ook vanjaar goed op pad is om weereens kampioenspan te word.

**VERLOOP:**

Die Pukkies kon in hul eerste beurt slegs 56 lopies aangeteken. Boy' High het hierop geantwoord met 108, almal uit. Puk moes weereens gaan kolf en kon slegs 46 lopies aanteken. Boys' High is dus die taak gestel om 3 lopies aan te teken om te wen. Dié lopies het gekom in die vorm van bylopies. Boys' High wen dus met 10 paaltjies.

**TWEEDE SPAN:**

In hul wedstryd teen Witrand het die tweede span beter gevaar deur Witrand tot 'n gelykop beslissing te dwing.

Die tellings was soos volg:

Witrand 1ste beurt: 119 almal uit.
Puk eerste beurt: 91 almal uit.
Witrand tweede beurt: 51 almal uit
Puk tweede beurt 61/8.

Onder die boulers het J. Viljoen en Howe goed vertoon vir Puk, terwyl Taylor die gevaarlikste was van die Witrand boulers. Die wedstryd is in 'n besonder goeie gees afgespeel.

# Tweedejaarspiekniek

Op Saterdagoggend 2 Maart om 6 vm. is 'n aantal Pukke na Schoemansdrif waar die gebruiklike Tweedejaarspiekniek gehou is.

Danksy die gunstige weersomstandighede en die goeie organisasie van die Tweedejaarskomitee, onder leiding van Mnr. Martin van der Walt, was die piekniek uiters geslaagd en is weereens bewys gelewer dat hierdie piekniek aan sy doel beantwoord en nie slegs 'n rootinesakie op die jaarlikse program van die studentelewe is nie.

Elkeen, hetsy sleper of non-sleper kon iets vind waarmee hy homself en ook ander kan vermaak.

Nie alleen het die finale krieket-toetswedstryd sy eintlike beslag op die grens net duskant die Vrystaat, gekry nie maar ook kon 'n toutrekwedstryd, wat eintlik verlede jaar begin is en, terloops, gewen is deur die span wat afdraand getrek het, beslis word.

'n Sakie wat ook in die guns van die gees van die piekniek getel het, was die feit dat daar sulke interessante bosse, bome en rante teenwoordig was.

Aan eetgoed het dit gladnie ontbreek nie; trouens, na elke kosparade het dit gevoel of 'n mens se oë wou toeval met 'n selfgenoegsame gevoel van ooreet.

Die piekniek was inderdaad 'n sukses en ons kan nie anders nie as om die Tweedejaarskomitee hartlik te bedank vir die piekniek wat hulle vir ons almal op so 'n deeglike wyse gereël het.



'n Spannende oomblik in die toutrekwedstryd.

# Interfakulteitsbyeenkoms



Agter v.l.n.r.: P. Nel, M. du Plessis, A. Burger H. B. van der Walt, P. Strauss, J. Weber.
Voor v.l.n.r.: M. Moolman, D. J. Taljaard (Kapt.), P. van Heyningen.

Die Interfakulteitsatletiekbyeenkoms het op Woensdag 6 Maart op 'n baie nat baan plaasgevind en oor die algemeen is teleurstellende tye aangeteken, alhoewel 'n paar goeie prestasies gelewer is.

**PRESTASIES.**

'n Pukrekord is deur Weber opgestel in die mans gewigstootafdeling. Sy afstand was 40'6". 'n Paar ander goeie vertonings is gelewer deur Erasmus wat die 100 treë in 10.3 sekondes, die 220 tree in 23.2 sekondes en die 440 treë in 53.3 sekondes gewen het terwyl die 880 tree in 2 min 7 sekondes gewen is en die mans hoogspring met 'n hoogte van 5'6½". Die damesdiskus is gewen met 'n worp van 80' 5". Die prestasies is des te meer aanprysenswaardig as in ag geneem word dat die baan deurnat was.

**UITSLAE.**

Die stand van spanne was as volg: B.A. 71, Bsc. 47 en B. Com. 27. Die 5". Die prestasies is des te meer prysenswaardig as in ag geneem word dat die baan deurnat was.

**Studente . . . !!**
vir al u
- **Handboeke,**
- **Skryfbenodighede,**
- **Leertasse,**
- **Geskenke, ens.!**

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 126 —Telefoon 497**

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
**Kerkstraat 60, Potchefstroom**
**Spoorwegstraat, Klerksdorp.**

**MOOIRIVIER-APTEEK**
**Kerkstraat 205,**
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
**Die Apteek vir Diens!!**

**DIE BULT SKAATSBAAN**
**„PUKKE ondersteun ons vir**
AANGENAME
**ONTSPANNING"**
Oop vanaf 7.30 in die aand

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Roeringe op die Tennisfront

Op 'n ledevergadering van die tennisklub is buitengewone belangstelling getoon en talle nuwe gesigte is opgemerk.

**DRAG:**

'n Voorstel is eenparig aangeneem dat mans op weeksdae op die tennisbane mag verskyn met kakiebroeke in plaas van wit broeke. Hierdie reëling geld egter nie vir wedstryde nie. Daar word gehoop dat die Studenteraad hierdie voorgestelde verandering in die konstitusie sal goedkeur.

**AFRIGTING:**

Die kaptein en lede van die eerstespan het hulle bereid verklaar om voortaan afrigting te gee aan alle belangstellendes. Persone wat afrigting wens te ontvang, sal in groepe ingedeel word en moet dan sekere weeksdae op die bane verskyn.

Met leedwese moes die lede verneem van Prof. D. P. Smith, 'n steunpilaar van die tennisklub, se ernstige siekte. Ons almal wens hom van harte 'n volkome herstel toe.

**KAMPIOENSKAP.**

Om meer belangstelling te wek en onderlinge kompitisie aan te moedig waardeur die standaard vanselfprekend verhoog sal word, word 'n kampioenskaptoernooi gereël. Alle lede mag inskryf en die uitslae sal dan dien om die rangorde te bepaal, waardeur die samestelling van spanne vergemaklik sal word.

## KORFBAL

Die eerste korfbalwedstryd van die jaar het op Woensdag, 6 Maart op die Pukbane, tussen die oudames en eerstejaars, plaasgevind Onder die eerstejaars het veral Ria Snyman as middel en Estie van der Walt as verdediger, uitgeblink. Vir die oudames het Corrie Scheepers weer haar plek volgestaan en die eindtelling was 24—0 in die guns van die oudames. Oor die algemeen geneem lyk die talent op korfbalgebied belonend en met harde oefening kan daar veel bereik word.

## SWEM

Die swemaktiwiteite op die Puk is reeds in volle swang. Dit blyk egter dt daar nie veel nuwe talent is nie maar met die entoesiasme wat daar heers kan veel bereik word.

Swemgalas teen P.O.K. op Woensdag 13 Maart en teen Klerksdorp op Saterdag 16 Maart is reeds gereël.

# Voetbal:

## *Eerste skote klap*

Die rugby seisoen is vanjaar ingelei deur die wedstryd tussen die ou-here en eerstejaars wat deur e.g. met 15—9 gewen is. Die wedstryd tussen die eerstejaars onderling kon vanjaar weens reën nie plaasvind nie.

**THEOS.**

Die wedstryd tussen Theos en die eerstejaars se eerstespan het vinnig begin en in die tweede minuut van die wedstryd, is Theos se telling ge-open met 'n mooi strafskop. Hierna het die wedstryd ontwikkel in 'n voorspelergewoel met sporadiese oplewerings in die Theos-agterlyn. Jan van der Schyff het 'n paar keer mooi gebreek dog hou die bal te lank vas. Kruger het blykbaar na verlede jaar weer mooi reggeruk op losskakel en 'n paar breekslae van hom is uiteindelik beloon toe hy onder die pale oorgegaan het vir 'n drie.

Piet Steinberg is in die lynstane goed opgekeil deur van Oudtshoorn wat deurgaans goed vertoon het.

Vir Theos is drieë aangeteken deur Frans de Bruin, Kruger, Hoogenboezem en Steinberg.

Die eerstejaars se punte het gekom van twee strafskoppe wat deur Dannhauser in punte omgesit is, asook 'n drie. Theos behoort vanjaar 'n lewendige span in die veld te stoot en ons te trakteer op mooi voetbal.

**NAVY.**

In die wedstryd tussen Navy en die eerstejaars se tweedespan, is min hoogtepunte bereik en is deur Navy gewen met 14—3. Navy se agterlyn het egter goed vertoon met Richards en Swanepoel die uitblinkers. Onder die geledere van die voorspelers het M. van der Walt die oog gevang. Veral in hierdie wedstryd is opgemerk dat die manne nog vér van fiks is.

Aan die kant van die eerstejaars het Els goed vertoon. Die wedstryd is verder gekenmerk deur voorspeler stormlope van Navy.

EXCELSIOR MEUBELS
Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743
„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.
ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

Geniet die Meesterstuk
...in die Meester Grootte


Rembrandt
MEESTERS
FILTER DE LUXE
DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE
Kopiereg
RMFA 3